GENIET
'N YSKOUE
IRON BREW
. . . . dis HEERLIK!

TWEEWEEKLIKSE
STELLENBOSSE
STUDENTEKOERANT

# DIE MATIE

PRYS 2D.
(Uitgegee onder beskerming van die V.S.R.)
Deel III — „DIE MATIE," VRYDAG, 14 OKTOBER 1949 — No. 13
18 OCT 1949

Lubbe
Die plek waar
ou skoene
nuut
gemaak word

# S.V.R.-KOMITEES AANGEWYS

KENNY O'KENNEDY
*Voorsitter van die S.V.R.*



MEJ. LAURA HADDAD



TJOKS DE VOS
*Sekretaris van die S.V.R.*



## Uitvoerende Bestuur

*Die volgende lede is vir die Uitvoerende Komitee van die S.V.R. aangewys:—*

*Voorsitter:* Mnr. Kenny O'Kennedy.
*Vise-Voorsitter:* Mnr. Pieter de Kock.
*Sekretaris:* Mnr. Tjoks de Vos.
*Assistent-Sekretaris:* Mnr. H. Rolfes.
*Tesourier:* Mnr. Ben Heyns.
*Addisionele Lid:* Mnr. Louis Buys.

### KOMITEES

Die volgende vaste komitees is o.a. benoem:—

**Intervarsity-komitee**

*Voorsitter:* MNR. PIETER DE KOCK.
*Lede:* Mnre. Tjoks de Vos, Louis Buys en Con Hofmeyr, mejj. Laura Haddad en Rubie Soper.

**Langenhoven - Gedenksaal-komitee**

*Voorsitter:* MNR. DANIE MALAN.
*Lede:* Mnre. Gert Kruger, Jannie Minnaar, Francois Schreuder, Jan de Wet, Mejj. Carin Meiring, L. Steinbach, Elize Lindes.

**Sportkomitee**

*Voorsitter:* MNR. TJOKS DE VOS.
*Lede:* Mnr. Louis Buys en mej. Rubie Soper.

**Sang- en Verenigingskomitee**

*Voorsitster:* MEJ. LAURA HADDAD.
*Lede:* Mnre. Con Hofmeyr en Pieter de Kock.

**Kleurekomitee**

*Voorsitter:* MNR. PIETER DE KOCK.
*Lede:* Mej. Tertia Hanekom, mnre. Ben Heyns, Louis Buys en Hitler Hanekom.

**Verteenwoordigers op Sentrale Kleurkomitee**

Mej. Tertia Hanekom, mnr. Tjoks de Vos en mnr. Pieter de Kock.

**Leningskomitee**

Mnre. Kenny O'Kennedy, Ben Heyns en Tjoks de Vos.

**Argivaresse**

Mej. Rubie Soper.

**Buro van Verlore Goedere**

Mnr. Hitler Hanekom en mej. Tertia Hanekom.

## A.S.B.-BLAD

Dit het op die onlangse kongres duidelik geword dat die A.S.B. reeds oor die nodige finansies beskik om 'n eie blad te kan uitgee. Hiermee het die A.S.B. nog 'n mylpaal bereik om oor sy eie publikasies te kan beskik. Die eerste uitgawe sal in die nabye toekoms reeds die lig sien.

**A.S.B.-komitee**

Mnre. Kenny O'Kennedy, Tobie de Clercq, Tjoks de Vos, Jan le Roux, Basil Blackburn en mej. T. McLachlan.

**„Die Matie"**

*Hoofredakteur:* Mnr. Pieter de Kock.
*Assistent Redakteur:* Mnr. Sas Strauss (Wilgenhof).

**Voorlopige Komitee i.v.m. Buro van Werkverskaffing**

Mnr. H. Rolfes, Ben Heyns en mej. Tertia Hanekom.

Hierdie is slegs 'n voorlopige komitee, want dit moet eers deur 'n Monstervergadering goedgekeur word alvorens dit Konstitusionele status kan verkry.

# VLAGLOOP NA DIE MONUMENT

'n Vlagloop van dieselfde aard as die fakkelloop van 1938 word deur die A.S.B. georganiseer die einde van die jaar. Uit Kaapstad sal die Van Riebeeckvlag, uit Pietermaritzburg die Natalia-vlag, uit Bloemfontein die Vrystaatse vlag en uit Potchefstroom die Vierkleur, na die Voortrekkermonument gebring word. Stellenbosch is verantwoordelik vir die Van Riebeeckvlag tot by die Grootrivier (tussen Colesberg en Philippolis), waar U.K.O.V.S. hulle te hulp kom en vanaf Bloemfontein die Vrystaatse-vlag byneem. Kaapstad sal die vlag van die Kaap tot by Kuilsrivier neem waar Stellenbosch dit dan oorneem en dit bring tot by die Grootrivier. Wits help U.K.-O.V.S. waarskynlik van Johannesburg tot Pretoria. P.U.K. neem die Vierkleur tot op Pretoria en U.P. gaan haal die Natalia-vlag in Pietermaritzburg. Mnr. Tjoks de Vos is verantwoordelik vir die reëlings wat Stellenbosch betref.




"How nice of you to come and see your old mother. You're looking very elegant, and I notice you're at last following in my footsteps by smoking Westminster 'Petite'. That shows good taste, my dear. There's no cigarette so mild, so kind to the throat, so right for the pause that's brief. Now tell me about the children . . ."




★ *Surveys all last year show that more women smoke* WESTMINSTER 'PETITE' *than any other cigarette.*

160

TAP IN BY
DIE UITSPAN. . .
. . . Want Dis Elke Student Se Uitspanplek
DIE UITSPAN KOFFIEHUIS
Dis U Huis   Kom Maak U Tuis




# DIE MATIE

*REDAKSIE*

REDAKTEUR: Mnr. Jan le Roux (Helderberg).
ALGEMENE SEKRETARIS: Mnr. C. F. Kruger (Huis-Visser).
TESOURIER: Mnr. P. Fouché (Helderberg).
ADVERTENSIEBESTUURDERS: Mnre. Attie Theron (P.S.O.) en Jan Viljoen (Huis-Visser).
SIRKULASIEBESTUURDER: Mnr. A. Ackermann (Helderberg).
SOSIAAL: Mejj. W. Schumann (P.S.O.) en A. Scribante (Sonop), en mnr. Willie Knouwds (Helderberg).
SPORT: Mnr. James Verwey (Dagbreek).
FOTOGRAFIE: Mnr. K. Veary (Helderberg).

STELLENBOSCH, VRYDAG, 14 OKTOBER 1949


## NA TWEE JAAR

Op 10 Oktober 1947 het die eerste „MATIE" verskyn. Dit was nie juis 'n wonderlike uitgawe nie. Trouens ons sien nou gedeeltelik wat deskundiges destyds deeglik besef het. Nogtans was dit 'n begin wat die moeite werd was. Ons het destyds die hoop uitgespreek dat „DIE MATIE" nooit 'n seksionele kleur sal kry nie. Tot dusver kan ons met reg daarop aanspraak maak dat „DIE MATIE" sover as moontlik reg laat geskied het aan die beleid wat deur die Studenteraad — as verteenwoordigers van die Studente-unie — voorgestel is.

Finansieel staan „DIE MATIE" goed en die administratiewe deel van die redaksie dra die louere weg.

Altyd kan en moet ons egter trag om te verbeter. Mag ons pogings vir die toekoms netso—en nog meer—geslaagd wees as in die verlede.

## „Die Aanskouingsles"

Die einde van 'n ander akademiese jaar is reeds weer in sig. Dit het gou gegaan — gou omdat soveel sake in so min tyd verrig moes word. Op allerlei gebiede is ons aandag in beslag geneem. Aan die einde van hierdie jaar doen ons op akademiese gebied verslag van ons werk. Dit is en bly egter maar 'n noodsaaklike **aspek** van 'n baie groter lewe — 'n lewe wat ons hier onderskei van 'n akademiese bestaan.

Met die viering van Heldedag het dit vanjaar vir elkeen duidelik geword dat ons as studente 'n besondere taak en 'n verantwoordelikheid dra, wat moeilik onderskat kan word. Die geslaagde viering het veral deur middel van die twee redenaars aan ons 'n boodskap gelaat wat ons nie kan vergeet nie. Waarom nie? Omdat dit trouens nie 'n natuurlike vorm van vergeet sal wees nie, maar eerder 'n lafhartige ontwyking van feite wat aan ons elke dag opgebring word.

Duidelik was die formulering deur een wat ver gekom het uit ons verlede en reeds ver staan in die hede. Sorg dat ons ons verlede en ons hede in perspektief kry tot die grotere lewe! Laat ons toesien dat ons nie ons verlede as 'n geïsoleerde feit sien nie, maar laat ons trag om dit te sien in relasie tot die situasie waarin ons ons vandag bevind. Mag ons nooit vergeet dat die **TYD** waarin ons spreek en dink en onthou juis die veranderlike en, tot die insig van die mens relatiewe, element in die vorming van ons uitkyk is. Weliswaar is daar 'n groot werk vir die mensheid voor die deur. Die krag en idealisme van die jeug is onontbeerlik, sy leiding is noodsaaklik. Wat die afgelope vyftig jaar gebeur het, is belangrik. Vir ons is dit belangrik, maar indien on nie besef dat die volgende dekades miskien deurslaggewend kan wees nie, verloor ook die verlede sy waarde en betekenis.

Die ander spreker het die uitdaging nog meer realisties gestel: „'n Aanskouingsles aan die Wêreld." Die Blanke met die leierskap vandag in hom gevestig, het 'n verantwoordelikheid teenoor die Wêreld, teenoor sy volk en die toekoms. Hy **moet** gehoor gee of verhoor word. Daar is stemme wat ons wakkerskud en ware leierskap is nodig. Verdraagsaamheid en liefde vir **alle rasse** is so noodsaaklik dat enige rigting daarsonder gedoem is — en trouens ons volk sal laat ondergaan. Ons kan nie bekostig om meer vertroue in mekaar kwyt te raak nie.

Die tyd is al oorryp en ons kan miskien die geleentheid misloop as ons dit nie met samewerking en goeie wil gaan uitkoop nie.




## DIE SWEMBAD

Waarde, Heer,

Enige persoon wat verlede Saterdag na die plaaslike swembad gegaan het, het reg gehad om omgekrap te voel. Op 'n Saterdagmiddag as die son skyn behoort die swembad oop te wees. Dit **moet** oop wees. Hoekom? Daar is 'n paar redes voor.

1. Omdat ons wat sportfooie aan die Universiteit betaal dit verlang (met of sonder verteenwoordiging op die Raad).
2. Omdat ry-loop na die Strand allerweë kritiek uitlok en ons Universiteit se goeie naam daarmee gemoeid kan raak.
3. Omdat dit verkeerd is om mense in die versoeking te stel om oor hekke te klim om iets te doen waarop hulle geregtig is. (Al is dit 'n goedgunstige vergunning deur 'n „Owerheid").
4. Omdat swemtye gedurende die week reeds beperk is.

En terwyl ons hieroor gesels. Het dit nie tyd geword dat die Hoër Jongenskool-Kindergarten elders hulle vermaak kan gaan vind nie. Of is hulle teenwoordigheid essensieel as 'n praktiese beswaar teen die opheffing van 'n welbesproke reël?

Die Uwe,

„SWEMGRAAG".

## VROUE-VERENIGING

Waarde Heer,

Mag ek deur middel van u blad die studente wat op 3 Oktober behulpsaam was met die tennistoernooi — hetsy met die organisasie, as baankapteine, in verband met die bediening van verversings of wat ook al — van harte bedank.

Dis jammer dat die Vroue-Vereniging verplig was om 'n datum te kies waarop so baie van die studente nie hier kon wees nie, maar ons wil die hoop uitspreek dat, wanneer die volgende toernooi in April 1950 gehou word, hulle in groot getalle sal inskryf en moontlik 'n hele paar van die pryse sal verower.

Hoogagtend,

Die Uwe,

**(Mev.) H. W. SCHUMANN,**

Presidente, Vroue-Vereniging, U.S.

## INFORMATION WANTED

Hamburg-Blankenese,
Rülenberg 77.

Dear Sir,

I would be thankful if you could help me in a special matter:

In 1938 we have been visited at our residence of that time, in Berlin, by a relative of us, a certain **Mr. Basson,** who lived at this time in the South African Union. Since he has gone back to Africa we did not get any news from him.

This gentleman travelled through Germany, I believe as a friend of Mr. Malan (at that time still leader of his political party only) or even on his commission. Perhaps you know this gentleman or can find out his address?

Besides there must live another "Mr. Basson" in the Union; we have heard of him to be a professor at the University of Johannesburg or Kapstadt (Cape Town).

The motive of my letter to you and the reason why I try to get in touch with the mentioned gentlemen is: I am a student (at the University of Hamburg, 22 years old, studying law with the special aim of international law), and with some comrades much interested especially in the students international communications. Therefore I thought of the possibility that students of the South African Union and German students on the other side, who are interested one in the

(vervolg op bladsy 6, kol. 1)


**GEBRS. HENDRIKSZ**
Die Afrikaanse Slagter
Vir enige Vleis en Boerwors. Ook Tuisgemaakte Polonie.
Andringastraat - Foon 198

**NATIONAL ELECTRIC (PTY.) LTD.**
— GOEIE NUUS —
● DELCO TAFEL RADIO, 5 gloeilampies, 3 golfbande insluitende L. Marques, teen die billike prys van £15
● Kom Besigtig ●

**BINNEHUIS**
HOEK VAN BIRDSTRAAT EN DORPSTRAAT
STELLENBOSCH (EDS. BPK.)
GLASWERK * ERDEWERK
DELFT SE BLOU * MEUBELS
GORDYN-MATERIAAL





*Certainly, Sir!*
*Delivery right away! Van der Stel's for Service! We carry large stocks of South African and Imported Wines, Spirits, Malts, Cordials and Mineral Waters. And if your particular request is not in stock we'll do our best to get it for you—quickly. Make a note of our phone number. It's 94. Good day, Sir!*
VAN DER STEL BOTTLE STORE
Telephone 94 STELLENBOSCH

**DIE EIKESTAD**
*'n Geskiedenis in beeld van die opvoedingsinrigtings, nywerhede en natuurskoon van STELLENBOSCH*
PRYS 15/-
UNIVERSITEITSUITGEWERS EN -BOEKHANDELAARS (EDMS.) BPK.
Pleinstraat, Posbus 29
STELLENBOSCH

ALFRED BLOMMAERT
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat
STELLENBOSCH
KRUIDENIERSWARE
YSTERWARE
PRODUKTE

**HEPWORTHS BPK.**
MEULPLEIN
*Mans- en Seunsuitrusters*

# Sport-nuus

# ATLETIEK-INTERVARSITY VANAAND

## Eerste Keer In Aand Gehou

**Coetzenburg sal helder verlig wees wanneer die jaarlikse atletiekbotsing tussen die Maties en die Ikeys vanaand aldaar plaasvind. Dit sal die eerste keer in die geskiedenis van atletiek in Stellenbosch wees dat so 'n byeenkoms in die aand gehou word.**

Vanaand se verrigtinge sal uit 'n volledige atletiekprogram bestaan en neem om 7.30 nm. in aanvang. Ten gevolge van verligtingsmoeilikhede, sal die paalspring- en hekkiesnommers al om 4-uur vanmiddag afgehandel word. Hierdie byeenkoms word gewoonlik in die eerste kwartaal gehou, maar aangesien die „Dalrymple" vanjaar so laat plaasgevind het, is besluit om dit tot die laaste kwartaal uit te stel.

Verlede Saterdagaand is 'n deeglike aandbyeenkoms op die Groenpuntbaan gehou en dit was baie geslaagd. Vir vanaand se byeenkoms koester ons hoë verwagtinge. Behalwe dat dit geheel en al 'n vurigheid is, sal die kompetisie sekerlik van 'n hoë gehalte wees, want die talent aan beide kante weeg goed op. Daar sal ook verversings verskaf word.

Maties, kom ons trek in duisendgetalle op om ons span vanaf die pawiljoen te ondersteun!

*Tennis*

## Maties Begin Seisoen Goed

### *Verslaan Wynberg Op Oortuigende Wyse*

**In die eerste wedstryd van die seisoen om die Groot Uitdaagbeker in die Westelike Provinsie, het die Maties sommer goed weggespring en die Wynbergse sterk span gedug verslaan met ses wedstryde teen twee. Vir buitestaanders het dit nogal 'n verrassing opgelewer, want die uitslag is juis andersom voorspel.**

Veral treffend was die wyse waarop Jannie le Roux met W. Muller afgereken het. Laasgenoemde is 'n oud-W.P.-kampioen. Ook in die enkelwedstryde het die Maties met knap spel voor die dag gekom en met alvier skoonskip gemaak. Ons moet die span gelukwens met hul pragtige vertoning.

**UITSLAE**

Hier is dan die uitslae:

J. le Roux klop W. Muller 2—6, 6—3, 6—3; K. O'Kennedy klop P. Steele 4—6, 6—3, 6—4.

E. Wohlberg klop M. Townsend 6—1, 5—7, 6—4; B. Blankenberg klop D. Smuts 6—3, 11—9.

J. le Roux en K. O'Kennedy klop Muller en Smuts 4—6, 6—4, 6—4.

Wohlberg en Blankenberg klop Holmes en Heseltine 6—4, 2—6, 6—3.

C. Barnard en F. Botha verloor teen Holmes en Heseltine 3—6, 3—6; gee wedstryd teen Townsend en Steele prys.

Stellenbosch klop Wynberg 6—2, 12—7, 100—89.

***JAN LE ROUX***

*het verlede Saterdag vir W. Muller (oud W.P.-kampioen) geklop*



## MATIES WEN VASVRA-KOMPETISIE

Die onderskeiding het Stellenbosch te beurt geval dat die Afrikaanse vasvraspan (mnre. J. F. Kocks, A. W. Smit en H. J. O. van Heerden) enduit onoorwonne gebly het en dus as die wenspan uit die stryd getree het.

In die eindbotsing het die Stellenbosch-span vir die Hugenote-Universiteitskollege met 20 punte teen 14 die loef afgesteek. Die Matiespan het hulle terdeë van hul taak gekwyt en hierdie drie persone verdien dan ook alle lof waar hulle die naam van hul Alma Mater hoog gehou het.

Daar is sprake dat hierdie span later sal optree teen die wenspan van die Interstedelike-kompetisie in Kaapstad.

## U.S. Swimming Club

The Swimming Club is looking forward to a very successful season. Last Monday night the 1st and 2nd Water-polo teams played a match each, losing by narrow margins to strong teams, after only one practice.

The second team lost to Y.M.C.A. 3—1, Keet scoring for U.S.

The first team lost to Green and Seapoint-Camps Bay 2—4, Calo netting both goals.

The visit of the American coach, Harold Minto, will give added interest to Western Province swimming. Franz Gruhn, the Union Club and Western Province swimmer and polo player will be coaching Stellenbosch swimmers this season, and should do much to raise the standard of polo and swimming.

New members are welcome, especially good (or just keen!) women swimmers, of which there is a shortage at present.

Club activities reach their climax at the Inter-Universities Championships, which are to be held at Bloemfontein over the Easter weekend.

***GEORGE STEINBAUER***



*sal hierdie seisoen weer baie vir die Matie-swemspan beteken*

## SEISOEN BEGIN

### *OU VETERANE HOU DEUR WINTER*

**Met die intree van die lente het die gewilde sport, t.w. „kys", ook in alle erns begin. Interessante uitslae word verwag.**

# Bofbalseisoen Geopen

## Groot Geesdrif Vir Spel

**In die afgelope paar jare het bofbal in Suid-Afrika steeds in gewildheid toegeneem. Dat hierdie spel nog een van ons gewildste soorte somersport gaan word, ly min twyfel.**

Ook in Stellenbosch is die kolwe al aan die roer en alles dui op 'n bedrywige en belowende seisoen. Waarskynlik is die groot geesdrif waarmee die seisoen vanjaar begin het, tot groot mate te danke aan die inter-universitêre toernooi wat vroeg vanjaar, aan die einde van die vorige seisoen, hier gehou is.

Soos onthou sal word, het die Ikeys toe 'n naelskraap oorwinning van 7—6 oor die Maties gehad, terwyl laasgenoemde vir Tukkies met 26 teen 2 die onderspit laat delf het.

**BAIE NUWELINGE**

Met die eerste oefeninge, onlangs, was daar 'n groot aantal kêrels wat vir die eerste keer die bofbalkolf hanteer het. Dit is verblydend, want met soveel materiaal behoort die klub goeie rekenskap van homself te kan gee.

Die eerstespan moes ongelukkig 'n paar van sy veterane prysgee, t.w. Rusty Ackermann en Tjol Lategan, wat nie vanjaar weer sal speel nie. Hierdie twee manne was regte staatmakers en aan albei is baie dank verskuldig vir die goeie diens wat hulle aan die klub gelewer het.

**GOEIE JUNIORS**

Gelukkig is die ander ou veterane darem nog daar om die kolf te hanteer en van hulle word weereens sommer baie verwag.

Wat die juniorspanne betref, kan 'n mens maar net na hul uitstekende rekord kyk. Sowel die derde- as die O.19-span is eers in die eindwedstryd van verlede seisoen in hulle onderskeie afdelings geklop. Dit is dus duidelik dat daar genoeg goeie juniors is om op terug te val.

Stellenbosch het weer vanjaar drie Seniorspanne en 'n O. 19-span ingeskryf en na ons van die Klub verneem, gaan hulle probeer om weer vanjaar die goeie en aantreklike bofbal, wat soveel bygedra het tot die spel se gewildheid hier, te speel. Die Klub doen ook 'n beroep op alle mense wat daaraan dink om bofbal te speel om dadelik aan te sluit.

**INTERVARSITY**

Verlede seisoen se Intervarsity-wedstryd teen die Ikeys het soveel belangstelling gaande gemaak dat 'n mens wonder waarom die ander bykomstighede

***JOHAN HAUPT***



*weer Kaptein van die Bofbal Eerstespan*

van Intervarsity nog ontbreek. **Wat verhinder ons om dit 'n „volle intervarsity" met sang, hekel, dirigent, ens. te maak?**

Ten slotte, bofbal is nie net 'n spel vir die speler nie. Vir die toeskouer is dit 'n skoon, aanskoulike spel. Daarom die uitnodiging: Kom kyk maar self!


**BESTEL U VOORTREKKERPAK VROEGTYDIG**

**Bestellings word nou geneem vir aflewering einde September.**

Klaargemaakte Ligbruin Ferweelpakke.
Tweestuk Baadjie en Onderbaadjie teen **£10 6s. 3d.**

**U kan altyd weer die baadjies dra as 'n Sportsbaadjie.**
Veldskoene: 21/9, 28/6, 41/6.
Voortrekkerdasse 7/- elk.

**UITSTEKENDE WAARDE VIR KLASDRAG!**

Medium Vaal of Ligbruin Flenniebroeke. Slegs 56/3.

*Amerikaanse Rugsakke vir B.T.K. Toer.*
Beperkte hoeveelheid in voorraad 39/6 elk.

**DAMES!** Nog 'n beperkte hoeveelheid Skaatse in voorraad van 22/6 per paar.

**Kom koop u nuwe Tennis Raket of Krieketkolf, vroegtydig voor daar 'n te kort is.**

*Ons het seker die grootste verskeidenheid Sportshemde en dasse op die dorp. By ons is altyd iets nuuts.*

**GEBRS. DE WET**

**Bus 21 - STELLENBOSCH - Fone: 20, 380**

# A.S.B.-Kamp by Monument

## Reëlings i.s. Stellenbosch Studente

### BEPERKTE AANTAL PLEKKE

**Die Hoofbestuur van die A.S.B. het besluit om met die komende inwyding van die Voortrekkermonument 'n Kampterrein te verkry vir die studente, en met die oog daarop word die volgende informasie verskaf:**

(1) Die kampruimte is beperk en gevolglik word daar aan die **Universiteit van Stellenbosch vir 70 persone** voorsiening gemaak.

(2) Die feeskamp sal vir besoekers oop wees vanaf Saterdag, 10 Desember, tot Maandag, 19 Desember. Ons sal egter verkies om die studentekamp op Dinsdag, 13 Desember, te open, maar indien u vroeër kom sal u welkom wees.

(3) Aan die studente is 'n halfuur program op Woensdag, 14 Desember, afgestaan waartydens die vlagloop beëindig sal word. 'n Optog word vanaf Kerkplein, Pretoria, om 8 vm. gereël vir studente. Sorg dat u u kleurbaadjie saambring.

(4) Groot Markie-tente word verskaf maar u sal u eie beddegoed moet saambring.

(5) Die koste beloop £1 per persoon vir die hele kamptyd. Hierdie koste van £1 is slegs die akkommodasiefooi. Alle verdere koste soos reiskoste en etes moet self gedra word.

(6) Elke groep is verantwoordelik vir hulle eie eetware. U sal dus moet dink aan kookgereedskap. Vuurmaak- en kookplekke sal verskaf word asook 'n gesamentlike eettent. Maaltye, los eetware, koffie, tee, koeldranke, brood, vrugte, groente, vleis, eiers, ens., sal op die terrein gekoop kan word.

(7) Ekskursietariewe word deur die spoorweë ingestel op voorwaarde dat persone vanaf 12 tot 19 Desember in Pretoria sal wees en dat die reis op 23 Desember beëindig sal word. *Die spoorweë vervoer ook bagasie tot op die feesterrein.* **Indien daar 'n groep persone is wat vanaf Stellenbosch reis en weer terugkeer voor die 23ste Desember, sal daar vir hulle 'n groepreiskaartjie gekoop word wat heelwat goedkoper as 'n gewone ekskursiekaartjie is.** Die persone wat afsonderlik reis moet dan self reëlings tref en waar hulle weer terug reis na Stellenbosch, sal hulle moontlik 'n gewone ekskursiekaartjie kan koop.

(8) 'n Gereelde busdiens word ingestel tussen die stad en die kampterrein.

### INHANDIGING VAN NAME

**Name, plus die bedrag van £1, kan by mnr. Jan le Roux, Helderberg, seksie 2, kamer 10, ingehandig word tot Vrydag, 21 Oktober, tussen die ure 1 tot 2 nm. Die EERSTE SEWENTIG inskrywings word geneem.**

# S.V.R.- Uitvoerende Komitee wil Rektor spreek

Die Uitvoerende Komitee van die V.S.R. sal 'n onderhoud met die Rektor hê waarin sekere sake met hom sal bespreek word. Die moontlikheid van 'n kunsskool onder beskerming van die Universiteit is een van die belangrikste sake.

'n Saak van groot belang is 'n ondersoek na die moontlikheid dat 'n student op die Raad van die Universiteit sal sitting hê. Ook die aard van funksies wat in die Langenhoven-Gedenksaal sal gereël kan word, kom ter sprake.

Die onderhoud vind eersdaags plaas.

# Hoe Druk U Dit Uit?

Nou ja, hier volg die verbeterde sin: Wanneer ek op die afgelope toer terugsien, kom dit my voor of dit verreweg die aangenaamste van almal was.

Dis verkeerd om „op iets uit te brei" wanneer bedoel word om **daaroor uit te wei.** Onlangs het die taalkundige redakteur daarop gewys (van Die Burger) dat mens moet sê: die perd het gegalop; maar dis slegs 'n halwe waarheid: die korrekte woord is **gegaloppeer.** Die Engelse „gallop" het ook in hierdie opsig oor onse eiegoed heen „gegaloppeer" en sy spore diep afgedruk. Soms word spioen ook as werkwoord aangewend: dit moet lui **spioeneer.** En mens kan nie „op" iemand „spioeneer" nie: jy **bespied** hom. Na gelang van die besondere aard van mens se prestasie is jy beroemd of berug **om** iets. Kyk net hoe gebrekkig (of heet dit hier gebreklik?) is hierdie radio-sin: „Die aanvraag was swak vir koejawels." Na doktersbehandeling is die pasiënt gesond: Die aanvraag **na** koejawels was swak. Pleit mens in belang van 'n saak, pleit jy **vir** maar as jy iets wil bekom, geskied dit **om.** (So ook bid **vir** en **om,** vra, smeek ens.) Wil mens iets tot niet maak of afskaf, **doen jy dit weg** (nie „wegdoen met" nie).

Ons behoort almal bereid te wees om vir iemand in die bresse te **spring.** Dis foutief om te „verstaan" dat iemand bv. getroud is: op Afrikaans **verneem** ons dit. Dis veral vir ons as studente van belang om te weet dat mens so arm soos **Job** of soos die **miere** kan wees — „kerkmuis" is hier Engels.

Nog 'n poging om te presteer: U sal herinner dat ek elke nou en dan na my boeties moes kyk terwyl my ouers slaap.

**Wegwyser.**



# Wanneer Mure Praat . . . . Oor Bure op Straat . . . .

My lesers se ore sal tuit as ek alles mag vertel wat ek weet, maar daar is baie dinge wat nog agter die skerms aangaan, al is die skerms ook half-deursigtig. Die koerant mag mos eers wys dat hy weet as almal al klaar weet.

Ek dink nou maar aan **Sophie Roux** en **Gielie Wessels.** Toe die berig kom dat daar 'n party gehou gaan word, was al die vroulike neusies in die lug gesteek om die snuf daarin te bevestig. Dit was ook so; die verloofring is aangeglip en DIE MATIE kom agterna, maar met gelukwense wat nog sterker geword het met die tyd. Daar is mos nog 'n voorbeeld van die wysheid van Stellenbosche kyste. Baie geluk, julle twee!

En nog twee wat stil-stil in dieselfde bootjie geklim het is **Lydia Klein** en **Dawie Engela.** „Rondloper" wens julle van die beste toe.

In die heerlike naweek het ek in **Hermanus** 'n vrolike geselskap Maties raakgeloop onder leiding van **Kiewiet Redelinghuis** en **B. J. van der Vyver.**

In **Clifton** was die man wat binnekort weer die pen gaan opneem om die leiding van hierdie blad waar te neem. As julle 'n **„tan" met twee oë in die middel sien aankom** moet julle weet dis hy.

Aan die Oostekant van Stellenbosch, verneem ek, loop 'n man met 'n beswaarde gemoed. Ek het hom teëgekom toe hy tydelik beter gevoel het. **„Charl Marais,"** sê ek, „dis maar moeilik as die eksamen aankom, né!" Hy sê toe: „Ja man, in hierdie tyd is dit maar 'n algemene moeilikheid." Jy het dit gesê, ou vriend.

En dan wil die **Dagbrekers** mos nog vry vermaaklikhede soos **geselllighede en socials** boikot. Hulle behoort dankbaar te wees vir afleiding in plekke waar hulle as **helde** beskou word. . . . .

Maandagmiddag het die bloureëen van Huis-De Villiers geëerde besoek ontvang. Dit was **Albert Coates** met sy **Geeste uit die Onderwêreld** wat in die daglig moes uitkom om afgeneem te word. **„Orpheus"** het 'n voorkomende koor.

Maar dames, ek wil julle vertel van die man in julle midde wat so roem op sy nuwe vriendin as **„die dogter met die mooi sterk ‚morals'!"** Hou hierdie leuse in die oog, toekomstige moeders van ons volk!

***RONDLOPER***

# Kleurkaarte

**Kleurkaarte vir gewone kleure sowel as vir Oud-Matie-kleure is verkrygbaar by mnr. Pieter de Kock, voorsitter van die Kleurekomitee, Dagbreek 2/18.**

**Geen persoon mag 'n kleurbaadjie bekom sonder in besit te wees van 'n kleurkaart nie. Oud-studente moet daarop let dat hulle vir tenminste 'n periode van SES MAANDE nie ingeskrewe lede van die Universiteit moet wees nie, voordat hulle vir 'n kleurkaart kan in aanmerking kom nie.**

*HUISDINEE VAN HELDERBERG*



# Primarii van Manskoshuise Spreek die Koshuiskomitee

Gisteraand het die Primarii van die vyf manskoshuise die Koshuiskomitee van die Universiteit ontmoet. Die sake wat bespreek sou word, is o.a. die moontlikheid van die hersiening van die bediendestelsel by koshuise sowel as 'n ondersoek na die gehalte van die vleis wat aan koshuise verskaf word.

Geen verklaring kon nog van enigiemand verkry word nie, maar daar word verwag dat daar binnekort so 'n verklaring verwag kan word. Hierdie onderhoud het reeds lank gesloer en studente sien uit na die uitkoms daarvan.

# Voorlopige Buro vir Werkverskaffing

Op voorstel van mnr. H. Rolfes het die Studenteraad op sy eerste vergadering besluit dat 'n Buro vir Werkverskaffing gedurende vakansies, in die lewe geroep sal word. Hierdie saak is reeds deur die vorige Studenteraad bespreek en na die pasgekose Raad verwys.

Dat hier met 'n baie belangrike saak 'n aanvang gemaak is, is ongetwyfeld waar. Ons wil die vertroue uitspreek dat die buro so spoedig moontlik al reëlings sal kan tref vir die komende Desember-Maart-vakansie.

*Selfs die etery word gestaak as daar kans is om „shine" te kry!*

DAZELLE'S
HAARSALON
Andringastraat - Foon 53
*PERMANENTE KARTELING 'N SPESIALITEIT*

SENITZKY'S FURNITURE STORE
ANDRINGASTRAAT
STELLENBOSCH
Die Toonaangewende Meubelwinkel in die Distrik

H. VILJOEN
Pleinstraat — Stellenbosch
vir
FIETSE, RADIO'S, ELEKTRIESE GLOEILAMPIES EN BENODIGDHEDE — STOWE, WASMASJIENE, ENS.

CARL BERGH
PLEINSTRAAT
ALTYD EERSTE MET DIE NUUTSTE IN MANSKLERASIE

### KORRESPONDENSIE

(vervolg van bladsy 3, kol. 5)

other's land and continent, should look for an opportunity to visit the other country, perhaps in the way of an exchange for some time.

I know, there are enormous difficulties, but if at all we are interested — and there is no one who starts at least the thought of such an enterprise — how can we realise this idea?

Now I hope, that one of the gentlemen is perhaps interested in this idea and likes to help me with information, connections etc.

Thanking very much for your efforts.

Yours very sincerely,

(Sgd.) Claus-Peter Basson.

**HENDRIKZ**
FOON 95
**Vir Elektriese Benodigdhede Radio- en alle Elektriese Reparasies en Installasies.**
AGENTE VIR
Philips Radios ★ Moffatstowe
Kelvinator Yskaste
(Langs Stellenbosch-Apteek)
Andringastr., Stellenbosch

KOM NA DIE
**PANORAMA KAFEE**
(Eerste Verdieping—
—Senitsky se Gebou)
ANDRINGASTRAAT
om
Goeie Etes ★ Heerlike Braaigeregte ★ Koeldranke ★ En ander Lekkernye in 'n Tipiese
*Panorama-omgewing* te geniet

**OUD-MATIE KLEURBAADJIES!**
*Plaas NOU u Bestellings by*
DIE
**EIKESTADWINKEL**
BEPERK

*MATIES!*
**Probeer ons eerste vir al u Apteekbenodigdhede. Ons spesialiseer in die ontwikkeling en afdruk van Spoele en Negatiewe.**
SPOEDIGE AFLEWERING
*DIENS 'N PLESIER*
**STELLENBOSCH-APTEEK**
(N. C. HOUGH)
Andringastraat
STELLENBOSCH

# Hoër Opvoeding en die Staatskas

## Regering MOET Help

Daar is vandag baie min inrigtings vir Hoër Opvoeding wat op die huidige stadium dit moontlik vind om met hul geringstoelae kop bo water te hou. Daar is feitlik aan uitbreiding nie te dink nie, en die promosie en lewenskostetoelae sal weens finansiële druk miskien in die slag bly.

Dit is onmoontlik om 'n mens in te dink in die dreigende toestande nl. dat 'n Universiteit sal kan bankrot gaan. Die Staat kan hier geen keuse hê nie. Die Regering wat weier om al die moontlike geleenthede vir ontwikkeling aan 'n Universiteit te steun is trouens geen regering met visie nie. Ons besef egter almal vandag dat die ekonomiese situasie in die land nie 'n toonbeeld van stabiliteit is nie, en daarom sal ons geduld beoefen. Andersyds kan 'n mens nie help om te wonder of die Regering werklik besef onder watter uiters moeilike omstandighede sommige universiteite moet voortsukkel nie. Die huidige toestand werk stilstand in die hand. En stilstand in die opvoeding van die jeug is vandag noodlottiger as ooit.

Ons wil vertrou dat hierdie toestand goed onder oog gekom het toe die Rektore van verskillende universiteite die Minister van Onderwys gespreek het. Mag daar spoedig beter nuus wees.

## KLEURPLAAT-VERTONING VAN BLOMME

Die Dept. van plantkunde en die fotografiese klub het 'n geslaagde kleurplaatvertoning van die winterreënvalgebied-blomme gehou. Die vertoning het plaasgevind in die Annex op Vrydagaand 7 Oktober.

Drie-kwart van die gehoor was van die publiek van Stellenbosch. Die swak opkoms van studente word toegeskryf aan die baie toetse wat op daardie aand plaasgevind het.

Reg Nicholson het die vertoning waargeneem. Hy is 'n boer en fotograaf en woon in die distrik van Stellenbosch. Daar is ongeveer 170 verskillende plate vertoon. Die plate was van 'n baie goeie gehalte en baie kleurryk. Veral die toeligting wat mnr. Nicholson gegee het, was baie interessant. Onder andere het hy daarop gewys dat die winterreënvalgebied een van die ses erkende blomgebiede in die wêreld is. Veral is nadruk gelê op die bewaring van ons natuurlike bates nl. flora ens.

Dr. P. G. Jordaan het mnr. Nicholson bedank en gesê dat daar heelwaarskynlik volgende jaar weer so 'n vertoning gereël sal word.

Na die vertoning het mnr. Nicholson die apparaat gedemonstreer waarmee hy die plate gemaak het.

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Beperk, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.

## *Huiskomitees word gekies*

In die afgelope week is daar by verskillende Huise reeds primarii en huiskomitees vir 1950 aangewys, maar die meeste koshuise moet nog hul ampsdraers kies.

„Die Matie" publiseer in sy volgende uitgawe 'n volledige verslag van al die koshuise se ampsdraers. Die Redaksie sal baie bly wees indien koshuise hul verkiesings voor 21 Oktober hou sodat al die gegewens vir die volgende uitgawe kan beskikbaar wees. Ons sal dit ook waardeer as primarii die name so gou moontlik aan enige redaksie lid of aan die Redakteur (mnr. Pieter de Kock, Dagbreek) sal oorhandig.

## *Fliekkaartjies*

Die volgende persone kan fliekkaartjies kom afhaal by Kenney O'Kennedy, Wilgenhof:

**Op Maandag, 17 Oktober tussen 1 en 2 nm.:**

Mejj. S. du Toit, A. F. Goussart, L. Krüger, A. C. le Roux, M Liebenberg, M. W. Malherbe, E. W. Pieterse, E. M. Stander.

Mnre. W. v. d. M. Bouwer, W. J. Carstens, J. R. Keet, J. D. Kies, G. König, L. C. le Roux, S. C. P. Louw, C. J. Smit.

**Op Maandag 24 Oktober tussen 1 en 2 nm.:**

Mejj. D. J. van Wyk, S. J. Botha, I. M. Hofmeyr, E. Joubert, M. Knoblauch, M. v. d. Merwe, S. M. van Tonder, M. van Zyl.

Mnre. H. C. Coetzee, A. J. O. de Kock, A. L. du Pisani, J. A. Esterhuysen, J. M. Ferreira, C. A. Grodwell, N. M. Human, A. P. J. Immelman.

APTEKERS
*Probeer Ons*
*Vir Afdrukke*
*En Vergrotings*
*Van U Negatiewe*
**JOERNING EN SEUN**
(EIENS.) BPK.
FOON 24
H/v BIRD- en PLEINSTR.,
STELLENBOSCH

## Grepies Uit Die Studente-Pers

[Die bedoeling met hierdie rubriek is om u soms, wanneer [illegible] plaasruimte is, u brokkies uit ander studentekoerante [illegible] publiseer. Laat weet ons as dit by u byval vind!.—R[illegible]

### BAARDE

(Uit 'n artikel onder die opskrif, Kentekens, in „Die Perd[illegible] Universiteit van Pretoria, 19 Augustus 1949.)

*„'n Ander kenteken wat in die laaste paar ma[illegible] eintlik maar sy erkenning gekry het, is die baard. Dit [illegible] kenteken van Afrikanerskap. El[illegible]en wat sy baard [illegible] groei, is baie trots daarop, al is dit slegs 'n paar dae [illegible] Hoewel dit 'n groot eer is vir elke Afrikaner om 'n b[illegible] te hê, is dit tog iets wat baie gevaarlik kan wees en el[illegible] wat 'n baard dra moet baie versigtig wees in sy doen en [illegible] 'n Gladgeskeerde man wat in die strate van Pretoria m[illegible] maak, sal nie soveel kritiek van die kant van die pu[illegible] uitlok as bv. die man met die baard wat amok maak [illegible]*

### C.N.O.

(Uit 'n nuusberig onder die opskrif, Wil u opvoeding o[illegible] manier hê? in „Nux," van die Natalse Universiteitsko[illegible] 14 September 1949.)

*„In die eerste plek word die stelsel beskry[illegible] ‚Christelik' Geen ernstigdenkende mens sal beswaar [illegible] teen onderwys op 'n Christelike basis in 'n Christelike [illegible] nie. Maar, ooreenkomstig die pamflet (van die F.A.K[illegible] 'n Christen iemand wat die leer van die drie Afrik[illegible] Kerke volg. Om 'n kind hierdie te leer vanaf die wie[illegible] volwassenheid, beteken om nog 'n hinderpaal tussen [illegible] wat alreeds ver genoeg verwyderd is, te plaas.*

*„Tweedens word die stelsel beskryf as ‚Nasio[illegible] ‚Nasionaal' beteken, vir die ore van die opstellers, ‚nasionaal', maar ‚Nasionalisties'. Die hele stelsel is gebaseer op Partypolitiek."*

*Die maak van*
**Een Soort**
**maak die wêreld se verskil!**




Rembrandt maak net *een* sigaret, en die room van die oes gaan daarin. . . goeie tabak maak 'n goeie sigaret.

*Rembrandt*
ROOI VIR KURK. GROEN VIR ONGEKURK WIT VIR FILTER.
*„Elke sigaret 'n meesterstuk."*
Kopiereg R.A.

**DIE EIKE KAFEE**
*(Eienaar: H. OETTLER)*
*— Netheid die wagwoord —*
*Onoortreflike diens*
**Ons is Sondae oop. Ons spesialiseer in allerlei ligte etes sowel as roomys-geregte soos Sundaes, Parfaits, Banana Split, ens., en 'n groot verskeidenheid koeldranke.**
● SIGARETTE EN SJOKOLADE ALTYD VARS ●

**MULLER SE HUURMOTORS** FOO[illegible] 71[illegible]